Goddelike Genesing

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@gedaministries.co.za

GODDELIKE GENESING

Jakobus 5:14-15

'Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die
gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die
Naam van die Here met olie gesalf het.
En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig.'

Inhoud

1. Die beginsel van geloof in genesing.

2. Vrymaking en genesing.

3. Die stap tussen jou en genesing.

4. Die oplê van hande.

5. As genesing nie kom nie.

6. Siekte en sonde.

7. Die Nagmaal en genesing.

8. Ek glo in wonderwerke.

9. Genesing-verklaring en gebed.

1.DIE BEGINSEL VAN GELOOF IN GENESING

Jakobus 5:14-15;
'Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.
En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig.'

Goddelike Genesing - Eers van die kant van 'n dokter:

Dokters vind dit uiters moeilik om goddelike genesing en wonderwerke te verstaan – vra my, ek is een.
Die groot rede is soos so dikwels: niemand het ons ooit geleer nie – nie die kerk nie en ook defnitief nie in die mediese professie nie.

Ons moet een ding deeglik besef: **Alle genesing op alle vlakke is Goddelik en bo-natuurlik.**

'n Dokter kan diagnoses maak en medikasie gee.
Hy kan aan 'n pasient die beste gee wat die mediese wetenskap hom gegee en geleer het, maar op die ou einde is dit die goddelike Krag van God wat die persoon genees.

'n Dokter het die vermoë om 'n fraktuur korrek te behandel en in gips te plaas. Die vraag: wie laat nou die been aangroei ? Goddelike tyd en bo-natuurlike Goddelike krag in die liggaam.

'n Chirurg kan 'n baie moeilike operatiewe ingreep doen – 'n meester met die skalpel - en die organe, weefsel en wond toewerk, maar tot hy moet wag dat Goddelike krag die werklike genesing en herstel van die organe en die weefsel doen.

Aan geen gewone mens is die vermoë ooit gegee om 'n krag te besit wat kan genees nie.

My geloof in die bonatuurlike genesende krag van God is presies dieselfde geloof wat 'n dokter of 'n chirurg het dat sy pasient genesing sal ontvang.
Nadat ek 'n wond toegewerk het, het ek die volste vertroue dat daardie wond sal genees – ek twyfel glad nie daaroor nie.
Maar, so is die geloof wat ek in God moet hê dat Hy ook bo-natuurlik en goddelik kan genees - dis presies dieselfde.

Ek wag in geloof en vir 'n tydperk dat God genesing kan bring, maar ek het ook die geloof dat Hy onmiddelik kan genees.

Oor 'n tydperk: Dis goddelike genesing.
Onmiddelike genesing: 'n werking van kragte – 'n wonderwerk.

God is nie beperk deur menslike tyd of deur menslike idee's of deur vooropgestelde teorieë nie.
God het aan elkeen van ons intelligensie en 'n vrye wil gegee - Hy verwag net ons moet dit gebruik.

As jy siek word of aan 'n siekte begin ly en jy het nog nie genoeg van die gawe van geloof ontvang om te glo in 'n wonderwerk nie, kry die beste mediese behandeling moontlik.

Bid dan nou dat God mense kan gebruik, dat die dokter goddelike leiding sal kry, en dan wag julle albei op God dat Hy die werklike genesing sal bring.

God se genesingskrag kan defnitief werk, met of sonder menslike inmenging.
Belangrik net weer: Daar is geen genesingskrag in mense nie.

Bo-natuurlike genesing begin gewoonlik om 'n mens eers geestelik te genees, dan eers kom die fisiese genesing.

Alle genesing word ingedeel in:

- Genesing van normale liggaamlike probleme deur medikasie of chirurgie – die liggaam se eie herstelvermoë. Ek is siek en neem medikasie en word gesond.
- Genesing van jou gees of jou "hart".
  Die vrede wat inkom na gebed wat geestelik en emosioneel genees.
  Dis wat ons doen elke dag as ons vir mekaar bid en intree.
- Genesing bo-natuurlik en deur gebed van psigiatriese afwykings. God wat die sielsieke genees en kan vrymaak en almal wat verslaaf is, vrylating kan gee.
- Genesing waar medikasie geen rol speel nie.
  Dis Goddelike genesing waar God jou eenvoudig net bo-natuurlik genees na gebed, waar normale mediese behandeling nie meer kan werk nie, bv. in sekere kankers of hart-, long- en nierversaking.
- Emosionele genesing van terminale siek pasiënte.
  Na gebed ontvang hulle berusting van God oor hulle toestand en sterf in vrede.
- Genesing wat volg op bevryding van siektes wat 'n demoniese agtergrond het.

As jy glo dat jy genesing kan ontvang van Jesus Christus, kom dit gewoonlik op twee maniere:

1. 'n Atmosfeer van die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Hier vind genesing spontaan plaas, sonder dat iemand vir jou bid of die hande oplê. Dit kan ook gebeur waar jy alleen in jou binne-kamer met God is – genesing kan net natuurlik van Hom kom na jou eie gebed.

2. Jou geloof in Jesus Christus se genesingskrag en 'n kontak, kan genesing bring. Hierdie kontak kan 'n persoon of 'n situasie wees, wat die regte omgewing skep vir genesing. Die belangrikste is natuurlik dat God altyd alleen in beheer is daarvan.

Die vrou met bloedvloeiing kon net aan Jesus se soom raak – hier was Hy die kontak.

Genesing wat volg soos beskryf word in Jakobus 5 – salf met olie en die hande oplê.
Hier is die een wat bid in die gemeente, die kontak.

Soveel mense kom vir goddelike genesing en vir gebed wat nie werklik gereed is daarvoor nie.
As jy dan aangaan om vir hulle te bid, stoot jy hulle so dikwels verder van God af weg, want dit werk net nie en dit bring meer twyfel en ongeloof.
Onthou: Ons het nie want ons vra nie!

Die beginsel is om mense bloot te stel aan die Woord van God en hulle te leer oor genesing en geloof, voor ons vir hulle bid. Hulle kan dan, in geloof, die ervaring van God se krag in hulle lewens ontvang.

Ek glo dat die vraag altyd aan mense gestel moet word:
* Glo jy dat God jou kan genees ?
* Glo jy in bonatuurlike goddelike genesing?

Knelpunte:
1. Kan jy werklik vir iemand bid wat verlore is en vra vir sy wedergeboorte sonder dat hy glo in redding, of in God ?
Ek glo jy sal baie ure gebruik, maar die kans bly skraal.

2. Glo jy dat jy vir iemand kan bid vir die vervulling met die Heilige Gees sonder dat hulle glo dat Jesus Christus iets vir hulle kan doen ? Verseker nie.

3. Nou hoe gaan jy vir iemand bid vir goddelike genesing as hy nie glo Jesus kan hom genees nie ?

Die redenasies van mense:

* God kan dalk sommer net iemand genees, net om te bewys Hy kan.
* Hoekom red Hy nie net sommer mense net om te wys Hy kan nie ?

* Hoekom vervul Hy nie net sommer mense met die Heilige Gees, net om te bewys dat dit 'n werklikheid is nie ?
God werk net nie so nie !

Wie mag nou bid vir siekes?

1. 1 Korinthiërs 12:9;

'aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees;'

Daar is defnitief mense wat die genadegawes van gesondmaking ontvang van die Heilige Gees. Daar is altyd 'n krag wat daar teenwoordig is en baie word so genees.

2. Markus 16:17

'En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word'.

Hierdie is vir die hele kerk – elkeen wat glo. (Dis die enigste vereiste)
Hierdie skrif sê: Almal wat glo mag in enige stadium vir enige sieke bid en verwag dat God die persoon sal genees.
So dis vir jou ook!

God werk op die beginsel van GELOOF.

* Hy gee ons Sy Woord sodat ons geloof daarin kan hê.
* Dan verwag hy dat jy in pas moet kom met sy Woord en dit begin glo.
* Dan eer Hy Sy Woord en bevestig dit in jou lewe.

As jy die Woord nie glo nie, en as jy nie daarop reageer nie 6 en as jy Sy Woord nie eer nie, dan het Hy ook niks om te eer in jou lewe nie.
Onthou: Niemand anders kan jou inneem in die hemel in nie, en net so min kan iemand namens jou genesing ontvang.

As jy siek is, is die vraag om altyd te vra:
As die bybel sê dat Vader God al jou siekte en al jou krankheid op Jesus gelê het om dit te dra, glo jy dat Hy jou kan genees? Jy moet dit glo met jou hele hart.

Mattheus 8:17
'So is vervul die woorde: Hy het ons lyding op Hom geneem, en ons siektes het Hy gedra.'

Dit is die Woord wat Jesus verwag dat ek en jy net moet glo. Hierdie geloof kom nie deur 'n bonatuurlike openbaring nie. Dit werk slegs as ons Sy beloftes en Sy Woord glo.
God se Woord werk altyd.

God het ons siektes en ons pyn op Jesus gelê op Golgota. Daar het Jesus dit oorgeneem en vir ons gedra.

Dit beteken dat elke siekte en pyn waaraan jy ly op Jesus gelê is. Hy het dit gedra net soos wat Hy jou sonde gedra het.

Jesaja 53:4-5;
'Hy het ons lyding op hom geneem, ons siektes het hy gedra.
oor ons oortredings is hy deurboor,
oor ons sonde is hy verbrysel.
Die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom.
Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.'

Daar is twee dinge: **Sonde en siekte**.

Ons glo dat God **ons sonde** op Jesus geplaas het en daarom kan ons vergewe word en hoef ons nie al die sonde van die jare self te dra nie – Jesus doen dit vir ons.

Net so het Jesus ook **ons siektes** oorgeneem.
Sodat dit moontlik is vandag om te kan glo dat Hy dit kan oorneem en dat ons so gesond kan word.

Daarom sê die Woord:
'God het Hom sonde gemaak, wat nie sonde geken het nie
en God het hom siek gemaak, wat nie siekte geken het nie,
dat ons vergewe kan word en kan lewe.'

As ons Mattheus 8 en Jesaja 53 vanaand kan glo – sal ons lewe.
Ons moet net glo dat hierdie gedeeltes nie net vir ons redding inhou nie, maar ook genesing.

Daarom broeders loop redding en genesing en die glo van God se Woord, altyd saam.
Op Golgota is daar vir dit alles in een poging betaal deur Jesus.

BEGINSELS VAN GENESING:

Het hulle al ooit vir jou gebid vir siekte en jy het nie gesond geword nie?
As jy voor God gekom het, Hom vertrou het vir genesing, geglo het dat Hy jou liefhet, maar niks het gebeur nie, is dit 'n groot aanval op jou geloof en jou vertroue in God.

Die Woord sê dat God ons liefhet en dat Hy vir ons kom sterwe het in die persoon van Jesus Christus.

Jesus het mense gesond gemaak en demone uit hulle gedryf.
Sy dissipels het dit gedoen, die 70 het dit gedoen en die vroeë kerk het dit gedoen.
Daarna het ons in die donker eeue ingegaan waar baie min gebeur het.
Dis tyd dat ons weer al die beloftes neem en daarop reageer.

Wat het van hierdie belofte geword?

Psalm 103:3; 'Die Here wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees'

In die Ou Testament is mense uit die dood opgewek, mense 8 is gesond gemaak en so baie ander wonderwerke vind plaas.
In die Nuwe Testament gaan dit nog soveel beter want ons het 'n baie beter verbond.

3 Johannes 1:2;
'Geliefde, ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan.'

Wat het dan verkeerd gegaan?
Siekte het in ons lewens ingekom agv. verwydering van Hom en Sy Woord, in spesifieke areas van ons lewe.
Jy kan nie verwag dat God jou moet seën as daar 'n area in jou lewe is waar daar verwydering is tussen jou en God nie.

Die redes vir siekte: Sonde en/of menslike foute.

Ons het soveel geleer oor God se beloftes, maar so min oor Sy Gees van onderskeiding en die gevolge van sonde in ons lewe. Saam met die vryheid om te glo kom ook verantwoordelikheid en ons sukkel tog so om dit op te neem.

Daar is twee dele in die gebed vir siekes:
'n Fisiese deel en 'n geestelike deel.

Praktiese voorbeeld: Verhaal van die **'Onbarmhartige Skuldeiser' in Mattheus 18:15-34.**

Hierdie man wat nie wou vergewe nie is oorhandig aan 'die pynigers'. 'Pynigers' word hier in Grieks vertaal met**:**
'Arthritis'.

As jy ooit voor iemand staan om te bid vir genesing van haar arthritis is daar altyd 'n voorwaarde vir die genesing. Gewoonlik is dit die geestelike deel van genesing.

Die vraag is: 'Is daar iemand wat jou in jou lewe tenagekom het, jou verniel en verwerp het en wat jy nog nie volkome vergewe het nie?
As jy aan daardie persoon dink, is daar nog altyd 'n gevoel hier binne in jou?'

Daar is altyd bitterheid en onvergewensgesindheid in hulle. Daar is altyd iemand wat nog nie ten volle vrygespreek is nie.

Vir jou genesing is dit absoluut noodsaaklik om te vergewe, anders gaan dit nooit kom nie.

Mattheus 6:15;
'Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.'

Hierdie skrif is nie net vir sekere mense nie – dis vir jou ook.

1 Johannes 1:9;
'As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sonde te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.'

Die gevolge van die sonde van onvergewensgesindheid en bitterheid kan jou bind aan siekte vir ewig.

Mense met arthritis:
As jy uit jou hart die persoon vryspreek en vergewe, sonder voorwaardes en jy bid in geloof, sal God jou gesondmaak.

As jy net 'n gebed wil opsê en dit kom nie uit jou hart uit nie, mors jy jou eie tyd.

Mattheus 18:35;
'So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.'

Wanneer ons die voorwaardes wat God ons stel, doen, sal Hy ons genees.

2.VRYMAKING EN GENESING:

In die begin is man en vrou gesond geskape, gelukkig en in die geselskap van God.
Satan die verleier het Adam en Eva mislei en ongehoorsaamheid en sonde het ingekom.
Hulle sonde teenoor God het die outoriteit oorgegee aan die duiwel, en hulle het sy slawe geword.

Adam en Eva word uit die tuin van Eden gegooi en word geskei van die teenwoordigheid van God.
Dis ook in hierdie tyd dat siektes en pyn begin het, soos deur God uitgespreek.
Siekte en verwoesting het ingekom na die sondeval en is sedertdien nog altyd besig om die skepping te verwoes.

Jesus Christus, die seun van God het gekom om ons te verlos en ons terug te koop van die vloek van die dood.
Hy het die prys kom betaal vir die mens se ongehoorsaamheid, deur gegesel en gekruisig te word.
Jesus het die vonnis van die dood op Homself geneem.

Hy het ons gekoop met die prys van Sy eie liggaam en Sy eie bloed en ons so kom vrymaak.

1 Korinthiërs 6:20
'want julle is duur gekoop ..en die prys is betaal.'
Galasiërs 3:13
'Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word.'

Wat was die vloek ? Siekte en die dood.

Deutermomium 28:
Hierdie is die siektes wat in mense kom agv. hulle ongehoorsaamheid:
Die pes, tering, koors, onsteking, erge brandgevoel, swere, geswelle, skurfte, uitslag, blindheid, kranksinnigheid en bose swere aan jou knieë en bene wat nie gesond kan word nie.

Ook ***Deuternomium 28:59***
'kwaadaardige en ongeneeslike siektes.'
Dit sluit alle siektes in.

Paulus skryf in Gal. 3 dat ons losgekoop is van die wet, omdat Christus vir ons die vloek geword het.
Die vloek sluit ook alle siektes en ellendes en plae in – dwars-deur die geskiedenis van die wêreld.

Al hoe Christus ons kon loskoop van hierdie vloek was om self die vloek te word.
Hy het vir ons die straf gedra soos voorgeskryf in die wet:
Mattheus 8:17;
'Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.'

Noudat Jesus Christus vir ons betaal het en die vonnis in ons plek gedra het, het God ons vry verklaar.
Deur die bloed van Jesus het ons vergifnis van ons sonde, en deur sy wonde is ons genees.
(Mattheus 26:28 en 1 Petrus 2:24)

Jesus het ons kom teruggee aan God asof geen sonde ooit gepleeg is nie.
Ons is wettiglik verlos. Dit is vir ons die bewys hoe graag God vir ons 'n lewe in oorvloed wil gee.

Toe Jesus die woorde: 'Dit is volbring!' geroep het aan die kruis, was dit die woorde van 'n Oorwinnaar.
Dit was die simbool van Christus se totale oorheersing oor al die werke van die duiwel.
Satan het oorgegee en is verslaan.

Ons kan nou ons vrymaking bely: 'Deur Sy wonde is daar vir my genesing.'
Ek is vrygemaak en gesondgemaak van alle siektes!
Jy kan nou vir hom sê: 'Satan, jou heerskappy het ge-eindig op Golgota, want dis waar ek vrygemaak is!'

Vertel vir die duiwel dat jy die waarheid weet.
Vertel hom elke dag dat jy vry is, en dat jy dit weet !

Jy moet weier dat siekte in jou kan bly.
As alle Christene dit kan glo, sal dit die einde wees van chroniese siektes.

Die uitspreek van jou Vrymaking:

Ek is wedergebore
Ek het 'n nuwe lewe
Ek is verlos van die krag van die duiwel oor my
Ek is teruggekoop uit die hand van Satan
Ek is vry van die koninkryk van duisternis
Ek is verlos deur Jesus se bloed
Deur Sy wonde is daar vir my genesing
Siekte en sonde heers nie meer oor my nie
Dit is volbring!

Maar, daar is 'n onregverdige oorlog aan die gang:
Want, as dit dan so is, waarom is daar dan nog so baie siek en verwoeste mense ?

Ons moet weet:
Al is Satan se krag gebreek en al is ons verlos, is daar nog altyd 'n magdom demone wat ons vryheid teenstaan en ons aanvat oor ons oorwinning.

Hoe kry hulle dit reg?
Ons leef dan onverskillig en met oop deure – en al wat die demone doen is hulle stap net reguit in.

Demoniese geeste het geen reg om gelowiges aan te val nie.
Die onrein geeste weet ongelukkig dat miljoene mense nie weet dat Satan oorgegee en verloor het nie.
Hierdie mense weet nie dat Satan se magte geen reg oor hulle het nie, en dus gaan die demone ongehinder voort om hulle tot oorgawe te dwing.

Solank as mense nie weet van Satan se wettige verslane toestand nie, sal hy ongestoord aangaan met sy bose werke.

Dit is ons gelowiges se werk om hiervan te lees en te weet
4 uit God's Woord, en om dan die duiwel te weerstaan.
Ons moet vasstaan in geloof en hy sal van ons wegvlug.

Jakobus 4:7
'onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle wegvlug.'
1 Petrus 5:9
'bly standvastig in die geloof en staan die duiwel teë.'

GENESING:

Hier geld die reël:
Sukesvolle mense hou aan, as gewone mense ophou.
Oorwinnaars is normale mense – hulle veg net 5 minute langer.

Enige bediening wat mense bedien met profetiese woord en hulle vrymaak en genees, moet eers 'n toets van tyd deurstaan.
'n Boom word aan sy vrugte geken.

Wat sien ons in die kerk vandag?

1. Die ontsaglike groot nood van mense – ten midde van 'n moderne wetenskaplike wêreld;
2. Die onvermoë van die huidige kerksisteem om aan mense genesing en bevryding te bied.

Ons gaan in 'n tydperk in waar daar wêreldwyd verandering gaan plaasvind en ons gaan 'n groot beweging van God se krag sien.

In die tyd van die evangelies was daar groot balans tussen uitsprake en krag – tussen woorde en werke.
Die God van die bybel is tog nie net 'n 'sprekende' God nie, maar ook 'n 'werkende God'.

Daar is nooit spanning tussen sy woorde en sy dade nie.
Trouens, in daardie tyd was dit algemeen dat woorde deur dade bevestig is.

In Markus 16:20 sien ons:
'hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het.'

Ook in ***Johannes 14*** sien ons Jesus se opdrag aan sy dissipels Om die koninkryk te gaan verkondig. Dit het ook altyd behels:
'maak siekes gesond, reinig die melaatses'.

Mattheus 11:2-5;
Toe Johannes die Doper in die gevangenis twyfel, kom bevetig Jesus sy Messiasskap met:
'blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en die evangelie word versprei.'
Jesus sê: 'Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor **en sien**.'

Die bevestiging van Jesus as Messias het juis daarin gelê dat die tyd om net te hoor nou verby is.
Hy het volkome genesing vir die mens gebring het **en almal kon dit sien.**

Lukas 4 : 18 – 19
'die Gees van die Here is op my omdat Hy my gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig.
Hy het my gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig.'

GENESING EN GELOOF:

Hebreërs 11:6
'sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag / om te doen wat God wil'.

2 Korintieërs 5:7
'want ons wandel deur geloof, nie deur aanskouing / nie deur te sien nie.'

Vraag van 'n siek persoon: 'Glo jy dat jy gesond kan
6 word deur jou geloof alleen?'
Om gesond te word deur 'n ander persoon se geloof is die uitsondering en nie die reël nie.

Hou daarby sover julle kan.

Wat dan nou ?
Ek is seker dat as jy aanhou om God se Woord te hoor totdat dit geloof maak in jou hart, sal jy deur jou geloof genees kan word.

Vader het beplan dat

* elke gelowige 'n oorwinnaar moet wees – nie net 'n paar uitgesoektes nie.

* Hy wil graag hê dat elkeen moet ontdek dat ons krag het oor die duiwel.

* Hy wil hê dat jy moet weet dat jy outoriteit kan hê oor siekte.

* dat jy 'n wenner is.

* dat jy in staat moet wees om siekte te verban uit jou liggaam.

Jy sal nooit in staat wees om in totale oorwinning te loop as jou vertroue op 'n ander persoon se geloof is nie.
Net so ook kan ander persone jou nie vrymaak van sonde nie.
Jy moet die evangelie hoor en self vergewe word van jou sonde.

Jy moet die Woord van God hoor.
Jy moet glo dat Jesus Christus die geneesheer is, dan sal daar deur Sy wonde genesing vir jou wees.

3.DIE STAP TUSSEN JOU EN GENESING

Goddelike genesing moet altyd gesien word as volkome genesing: van die geestelike en emosionele en liggaamlike deel.

Goddelike genesing kan op twee maniere ontvang word:

1. **Self:** deur self te bid met 'n verwagting en geloof; óf
2. **Deur iemand wat vir jou bid.**
   Soos wie?
   (i) Die ouderlinge of gelowiges soos in ***Jakobus 5:14-15***

'as daar iemand van julle wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here.
En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring.'
(ii) Óf enige broer of suster met die gawe van genesing soos deur die Heilige Gees aan hulle gegee.

Enige iemand wat so vir jou bid, doen dit in absolute vertroue en geloof in God.
Hulle bid en laat dan die resultate aan God self oor.

En jy, waarvoor daar gebid word, moet 'n absolute verwagting hê dat God jou sal genees.

Genesing in enige vorm kom van God af en die klem moet altyd op God val en nie op die bidder nie.
Mense mag nooit enige erkenning opeis as daar genesing plaasgevind het nie.

Dis baie beter om van 'goddelike genesing' te praat, en nie van 'geloofsgenesing' nie.

Goddelike genesing het geen formule nie.
Moenie deur jou eie maniere en tyd God probeer forseer nie – Hy werk net nie so nie !

DIE STAP TUSSEN JOU EN GENESING

Daar is 'n stap wat ons moet neem tussen bekering, genesing en seëninge.
Daardie stap is **geloof in Jesus Christus.**

Jesus is aan die een kant en bied aan ons: genesing, seëninge en redding.
Jy is aan die anderkant, begerig om dit te kry.

Daar is 'n gaping tussen julle twee en die enigste manier waarop dit oorbrug kan word is deur geloof – geloof in die voltooide werk van Jesus Christus.
Voltooide werk beteken dis alreeds afgehandel en klaar voor betaal – Sy deel is voltooi.

Geloof word dus die brug, die koppeling tussen jou en Jesus.
As jy genesing en seëning moet ontvang van Jesus, begin dit wanneer jy begin optree in geloof.
Geloof is altyd noodsaaklik vir genesing.

Wie moet die geloof hê?

1. ***Handelinge 3:5–8***

'toe kyk die man na hulle in die hoop dat hy iets van hulle gaan kry.
Maar Petrus sê: Geld het ek nie; maar **wat ek het, gee ek vir jou**: in die Naam van Jesus Christus, staan op en loop.
Hy het opgespring en regop gestaan.'

Hier was die geloof in die persone wat gebid het.
Daar is geen rede om te glo dat die sieke enige geloof gehad het nie.

2. ***Mattheus 9:27–30***

'twee blindes het hom gevolg. Hy vra toe aan hulle: Glo julle dat Ek dit kan doen ? **Ja, Here, antwoord hulle.**
Hy raak hulle aan en sê: Wat julle glo, sal gebeur.
Hulle kon toe sien.'

Hier was die geloof in die twee blindes gewees.

3. ***Markus 2:3–5***

'daar kom toe mense wat 'n verlamde man na Hom toe bring. Vier van hulle het hom gedra.

Toe hulle hom weens die gedrang nie by Jesus kon kry nie, breek hulle die dak oop en laat die draagbaar daardeur afsak.
Toe Jesus hulle geloof sien, sê hy vir die verlamde:
Staan op en loop'

Hier sien ons 'n groot poging deur manne om hulle vriend na Jesus te bring.
Hier was die geloof van sy vriende genoeg vir genesing.

GENESING BY DIE BAD VAN BETESDA:

Johannes 5:5–7
'onder hulle was daar 'n sekere man wat al 38 jaar lank siek was. Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy al baie lank siek was. Toe vra Hy vir hom: Wil jy gesond word?'

Die vraag: 'Wil jy gesond word?'
Jesus wil sy keuse hoor. Hy toets nou sy geloof.
Jy het altyd 'n keuse om te maak.
Jy kan gesond word, of bly soos wat jy is.

Dit klink snaaks, maar daar is mense wat wil bly soos hulle is.
So baie glo die leuen.
Hulle weet dat as hulle siek bly, kry hulle soms aandag
óf hulle kan mense manipuleer.

'n Ware mediese verhaal:
Ek het eenmaal in my praktyk 'n man gesien wat na my toe gekom het omdat hy visie in albei sy oë verloor het.
Hy het in gevaar gestaan om sy werk te verloor daaroor.

By ondersoek het hy gewone katarakte gehad in albei oë.
Ek het hom aanbeveel om die katarakte te laat verwyder deur 'n eenvoudige operasie.
Hy het volstrek geweier en vir pensioen gevra.

Die rede: Hy sê dat as hy by die huis sit, dit sy familie sal dwing om na hom om te sien, en dis wat hy wil hê.
Hy is sonder 'n verslag by my weg!

God het mens gemaak en hom die reg gegee om te lewe, en dit in oorvloed.
Die keuse bly ons s'n.
Sonder die regte keuses, en dit sluit genesing in, is die lewe tog betekenloos.

Wanneer 'n mens in hegtenis geneem word deur die SAP - wat die rede ook al mag wees - gebeur daar dinge in jou lewe.

Jou reg om self te kies waar jy nou wil wees en wat jy nou wil doen en hoe jy dit wil doen, is van jou weggeneem.
Inteendeel: 'vryheid' is van jou weggeneem.
Hulle maak nou die besluite, nie meer jy nie.

Toe Jesus die man by Betesda sien het hy dadelik geweet hy het 'n groot behoefte.
'n Groot behoefte na liefde, behoefte na iemand om na hom om te sien en iemand om hom in die water te plaas.

Sy eie keuses hier was baie beperk - sy nood groter as ons dink.
Hoor weer die vraag: 'Wil jy gesond word?'

Sê nou hy sê: 'Nee, ek wil nie gesond word nie.'
Wat doen ons nou?
Ons is daar om sy wil te respekteer – wetend dat redding, verlossing en genesing kan nie op iemand forseer word nie.

DIS GOD SE BEGEERTE OM ONS TE GENEES:

Vir julle wat siek is vir 'n lang tyd: die goeie nuus is dat Jesus net so naby aan jou is nou, as wat hy was aan die man by die bad van Betesda.

Luister nou:
Jesus staan nou daar by jou en vra: 'Wil jy gesond word?'
Jesus Christus die seun van God, het genees, genees nou nog en sal vir ewig alle siekes en alle toestande hier op aarde genees.

Dit beteken net een ding: genesing behoort aan ons – dis ‘n gawe, dis ‘n geskenk – dis ons s’n.

Jesus het betaal vir jou volkome en volledige herstel, die oomblik toe hy gesterf het op die kruis.

God het aan ons Sy kosbaarste besitting gegee – Sy seun.
Hoe sal Hy dan nou iets minder kosbaar, nie aan ons wil gee nie.
Nee, die genesing waarvoor jy solank bid, is ‘n geskenk aan ons.

Jesus Christus is verbind aan ons genesing.

Jesaja 53:5
‘deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.’

Hy wil jou herstel – volkome, soos wat mens was voor sy val.

Johannes 10:10
Ons moet nooit mislei wees nie: God begeer vir ons ‘n lewe in oorvloed.
Die duiwel kom om te steel, te slag en dood te maak.

Dit is nie alles net God se verantwoordelikheid nie, en dis verseker ook nie alles net jou verantwoordelikheid nie.

Jou rol is om in geloof te staan in die voltooide werk van Jesus Christus.
God se rol is om sy beloftes te hou.

Mense, wees bemoedig:
* Jesus Christus is deeglik bewus van jou siekte en Hy wil jou nie in siekte laat as Hy kan nie.
* Jesus is bewus van jou armoede en Hy sal jou nie los sonder seëning as Hy kan nie.
* Jesus is bewus van jou probleem en Hy sal jou nie los sonder ‘n oplossing nie.

Hy is op hierdie oomblik besig om aan ‘n oplossing te werk.

Dit is ons geloof in sy voltooide werk.

WAT GEBEUR NADAT GOD MY HERSTEL HET?

Jy het nog altyd 'n rol om te speel.

Hoor wat sê Jesus vir die man van Betesda na sy genesing:

Johannes 5:14
'later kry Jesus hom in die tempel en sê vir hom: Kyk, jy is nou gesond. Moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.'

Jesus sê duidelik: aanvaar nou jou genesing, vat dit in geloof en loop daarmee.
Om gesond te bly het jy geloof nodig, al gebeur wat.

Jesus het dit nodig geag om hierdie man te waarsku want dis algemeen dat mense baie beloof terwyl hulle siek is, maar baie min doen as hulle eers genees is.

Een van die heel belangrikste dinge om te weet is:
As jy voor jou siekte in sonde gelewe het, val jy net so maklik weer daarin wanneer die pyn verby is.
Dis hoekom Jesus vir hom sê: 'gaan sondig nie meer nie.'

Sonde is ons grootste vyand.
Dit bring siekte en die dood.
Satan is die outeur daarvan.

Een van die grootste redes hoekom Jesus Christus nog mense genees, is vir die redding van hulle siel – dit gee ware geestelike genesing.

Kinders van God word ook genees, om hulle in 'n dieper vlak van geestelike groei te plaas, óf om hulle in bedieninge te plaas.

Die dae van wonderwerke is nog nie verby nie:

Kom ons lees***: Lukas 8:43–48;***
'En 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, en wat haar hele vermoë aan geneeshere uitgegee het en deur niemand gesond gemaak kon word nie,
het van agter af gekom en die soom van sy kleed aangeraak, en
haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou. Daarop sê Jesus: Wie is dit wat My aangeraak het? En toe almal dit ontken, sê Petrus en die wat by hom was: Meester, die skare druk en verdring U, en U sê: Wie is dit wat My aangeraak het?
Maar Jesus antwoord: Iemand het My aangeraak, want
Ek het gemerk dat krag van My uitgegaan het.
En toe die vrou sien dat sy nie verborge gebly het nie, kom sy bewende en val voor Hom neer en vertel Hom voor die hele volk om watter rede sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het.
En Hy sê vir haar: Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.'

Hier sien ons desperaatheid.
Haar uitroep: as ek maar net aan Hom kan raak – dan weet ek ek sal gesond word.

Sy sien Hom al van ver aankom – die spanning laai op in haar.
Sy weet: ek moet net so naby kom dat ek Hom kan aanraak.
Sy strek later uit – net haar vingerpunte raak sy kleed.

Oombliklik weet sy sy is genees – krag het in haar ingespoel en sy weet dit – sy het dit gevoel.
'n Warm wonderlike gevoel van totale genesing kom oor haar.
Sy weet: ten einde is ek genees, na al die jare se sukkel.

Dan skielik draai Hy om.
Sy krimp inmekaar, val voor Sy voete neer en met bewing vertel sy Hom haar hartseer verhaal.
Soveel dokters, soveel gebede: alles verniet.

'Maar vandag het ek totale genesing ontvang – Dankie Meester.'

Hy is soos ‘n vader as hy praat:
‘Dogter, jou **GELOOF** het jou gered. Gaan in vrede.’

Hierdie vrou het alles wat sy gehad het in geloof gestel – en haar verhaal eggo nog steeds deur die eeue.
‘n Verhaal van oorwinning. ‘JOU GELOOF HET JOU GERED!’

Wat leer ons uit hierdie verhaal ? Meer as wat ons dink.

Daar was soveel mense om Jesus – Hy kon amper nie loop nie. Baie van hulle siek en ook desperaat – op soek na genesing.

Hulle druk teen Hom.
Hoekom het slegs een, van al die massas, daar genesing van Jesus ontvang ?

Baie van die omstaanders was net nuuskierig, hulle wou net vir Jesus sien en dalk hoor wat Hy te sê het.
Sommiges het getwyfel in Hom, en nie geweet of hulle die stories oor Hom moet glo nie.

Maar hierdie vrou het geglo in haar hart dat Hy haar kan help, want alles sover het gefaal.
Sy het vorentoe gebeur in volle geloof en geweier om op te gee totdat sy persoonlike kontak gemaak het.

Hoor nou hoe **het haar gebed** gewerk:
‘Dit is nie hoe lank jy bid nie, of hoeveel jy bid nie – maar hoeveel jy glo!’

Dis net soos wat jy soek op die radio na die regte stasie. Wanneer jy uiteindelik die regte kontak maak, is die klank hard en duidelik.

Gebed hier is om kontak te maak tussen ons menslike behoeftes en God se bonatuurlike gawes.

Al wat ons doen as ons bid is om ons behoefte te stel en te glo dat God die antwoord sal gee – die antwoord wat ek nodig het.

Enigiets is moontlik in daardie tydperk as jy nie opgee nie, maar aanhou glo en aanhou bid.

Daardie swak, siek vrou het skaars genoeg krag gehad om tot by Jesus uit te kom, maar die oomblik toe sy op haar geloof staatmaak het sy kontak gemaak en het haar antwoord gekom.

Ons moet leer om kontak te maak met God se krag, deur gebed.

GENESING BEHOORT AAN ONS:

Jeremia 32 : 27; 'Ek is die Here die God van al die mense.
Is iets vir my onmoontlik?'

God is in staat om enige siekte te genees.

Johannes 15:7;
'as julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.'

ONTVANG DEUR GELOOF:

Jesus se vermoë om te red, te bevry en te genees, hang af van 'n mens se geloof om dit te ontvang.

Wanneer iemand vir jou bid en sê: 'Wees genees!' kan jy nie net genees word sonder om te glo nie.

Dis die deel wat van jou afhang: jou vertroue en jou geloof.

Die Bybel sê: As Jesus jou vrymaak, sal jy waarlik vry wees. Waarlik gesond beteken om fisies en geestelik genees te wees. Om jou genesing te behou, moet jy aanhou glo, al gebeur wat.

OPSOMMING:

Mattheus 9:29.
Jesus by die twee blinde mense.

Wat sê Hy vir hulle? 'laat dit vir julle wees volgens julle geloof'- en hulle kon sien.

Die kern hier is dat hulle geloof hulle gesond gemaak het.
Dis die ding wat hulle omstandighede verander het.

Niemand kan vir jou geloof hê nie.
Mense kan vir jou bid, hulle kan jou bemoedig, hulle kan die bybel aanhaal vir jou – maar jy moet self jou geloof beoefen.

As jy afhanklik is van ander mense om jou gelukkig te hou 10 of om jou uit die moelikheid uit te hou, sal jy 'n lewe van frustrasie en teleurstelling hê.

Neem beheer oor jou eie lewe.
Wat jy self glo, sal 'n baie groter impak op jou lewe hê as dit wat ander mense glo.

Die twee blindes staan voor Jesus en hy vat aan hulle.
In die NIV lees ***Matthew 9:29*** so: 'according to your faith will it be done to you.'

In die "Message" word dit so vertaal: 'n kragtige woord:
'Become what you believe!'
Wat 'n woord. 'Word dit wat jy glo!'

Glo jy dat Jesus Christus jou kan uitlig uit jou omstandighede en jou kan plaas in 'n lewe van gesondheid, van oorvloed, van bevryding en oorwinning ?

Onthou jy sal word dit wat jy glo.

Vriend, dit maak nie saak hoeveel teleurstellings jy al gehad het nie – God het 'n plan vir jou lewe.
Jy moet jou 'hoop' vermeerder.

As jy nie hoop het nie sal jy nie geloof hê nie.
As jy nie geloof het nie kan jy God nie beweeg nie en sal jy nooit Sy krag in jou lewe ervaar nie.

Hou jou hoop lewendig in jou hart en moet nooit ophou droom nie.

Daar is 3 baie belangrike dinge in die ontvang en die behou van genesing:
1. Geen kritiek,
2. Hou aan om te glo, en
3. Laat geen sonde in jou lewe toe nie.

Dink hieraan:
Jy is vandag dit wat jy van jouself gedink het gister.
Jy sal more wees, dit wat jy van jouself glo nou.

4.DIE OPLÊ VAN HANDE:

God het sekere kontakte aan ons gegee as hulp vir ons geloof en om te help om goddelike genesing te kan ontvang.
Een daarvan is die oplê van hande.
Mark. 16 : 18
'hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word.'

Natuurlik sal die oplê van hande jou nie gesond maak nie.
As dit so was, sou dit nooit nodig gewees het vir God om Jesus te stuur, om ons siektes en krankhede vir ons te dra nie.
Dan sou Hy mos sommer net vir ons gevra het om ons hande te gebruik en niemand sou ooit siek gewees het nie.

Nee, die oplê van hande is net daar as 'n kontak tussen jou en my en om jou te help om die geloof in God se Woord, vry te stel.

Oplê beteken aanraking – aan 'n liggaamsdeel met die doel om saam met jou of deel van jou te wees.
Jesus het tog aan hulle geraak en gevat toe Hy Sy hande op die siekes gelê het.

Genesing is altyd:
* Jou geloof, deur God se Woord in jou hart, en
* 'n Kontak wat die geloof in jou, kan help vrystel.

Die oplê van hande is deur die eeue ‘n fundamentele deel van die doktrine van Christendom.
Daar is baie meer in handoplegging, as net genesing.

Dis tog one strewe om die kerk vandag te maak soos wat dit in daardie tyd was.

Heb. 6 : 1 – 2
‘Laat ons nie stilstaan by die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig word nie, maar verder gaan na die volle inhoud van die boodskap.

Ons wil nie opnuut die fondament lê deur te praat oor die bekering uit ‘n leefwyse wat tot die dood lei nie, of oor geloof in God, die leer van die doop en ***die handoplegging***, die opstanding van die dooies en die ewige oordeel nie.’

Wat was die oorspronklike fondamene van die eerste kerk?
(1) Bekering
(2) Geloof in God
(3) Die leer van die doop
(4) Die handoplegging
(5) Die leer oor die opstanding van die dooies, en
(6) Die leer oor die ewige oordeel.

Die vroeë nuwe testamentiese kerk het ook handoplegging as deel van seëning en bekragtiging gebruik vir:
(1) Manne wat in die bediening ingaan.
(2) Hande is ook op die sewe diakens gelê, wat diens moes doen.
(3) Hulle het ook hande opgelê op gelowiges om met die Heilige Gees vervul te word.

Hand. 8 : 17
‘en die apostels (Petrus & Johannes) het hulle die hande opgelê, en hulle (die gelowiges van Samaria) het die Heilige Gees ontvang.’

Geloof was die antwoord:
Paulus het 'n brief geskryf wat gesirkuleer en gelees moes word in al die kerke van Galasië.

Galasiërs 3:5
'Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou, of omdat julle die evangelie glo ?'

Natuurlik is die antwoord: 'omdat julle die evangelie glo.'
Hy sê dat die wonderwerke wat daar gebeur tussen hulle en die werking van die Heilige Gees, direk die gevolg is omdat hulle die evangelie glo.

In die kerk het dit ongelukkig gebeur dat handoplegging net 'n manier geword het, 'n ritueel, 'n leë formaliteit. Ons kom vorentoe, hande word op ons gelê, maar niks gebeur nie.

Ons het soms die idée dat Jesus net rongeloop het en sy hande op almal gelê het, maar dis nie so nie.
As ons die bybel net oppervlakkig lees, dan dink ons soms ook dat Hy orals al die mense gesond gemaak het.
Ook dat almal wat binne bereik was outomaties net gesond geword het.

By die bad van Betesda bv. was daar baie siek mense wat gewag het op die engel wat die water moes kom roer, maar net een man word genees.
Die bybel noem defnitief nie dat hulle ook almal genees is nie.
Ek glo werklik dat as almal daar gesond geword het sou die bybel so gesê het.

So baie mense het al van gebedslyn tot gebedslyn gegaan, van kerk tot kerk, daar is gebid, maar hulle het siek gebly.
Baie het gesond geword, maar baie nie.

Ek sê vir die kroniese soekers na genesing en vir die vervulling met die Heilige Gees: as die genesing net nie kom nie, maak 'n ander plan.

Soos wat ?

Wel, volgende keer dan bring jy jou bybel, jy woon die klasse by en jy luister na God se Woord, totdat geloof in jou gebore word en opspring.
Moet nie weer vir gebed kom totdat jy reg is nie want elke keer gaan jy net verder weg van genesing.

Die skrif daarvoor: ***Hand 14 : 8 – 10***
'in Listra was daar 'n man met gebreklike voete. Hy was van sy geboorte af verlam en kon nie loop nie. Hy het geluister terwyl Paulus praat. Paulus het stip na hom gekyk en gesien **dat hy die geloof het om gesond te word.** Toe roep hy na hom: Staan regop, op jou voete. Die man het opgespring en hy kon loop.'

Ek glo dis so belangrik dat ons wag.
Baie keer sal ek iemand sien en net weet hy is gereed vir vrymaking of genesing.
As jy hom nou roep en sê: Jy is gereed, kom ontvang jou vrymaking, het dit nog elke keer gewerk.

Soms bid ons so 'mogge troffe' en hoop maar net 'n paar word genees.
Ek glo dis die verkeerde pad om te loop.

Een van ons probleme is dat mense kom vir vrymaking en genesing, maar hulle dien nie eers die Here nie.
Hulle stel nie belang in die kerk of om 'n christen te wees nie, maar verwag tog dat God hulle moet genees.

Nou kom hulle van ver af vir gebed maar jy moet die heel eerste deel van die besoek spandeer om hulle net eers gered te kry.
Dit werk net nie so nie.

As mense net soms wil besef dat hulle jou 'n gelyke kans moet gee – dieselfde as wat hulle vir 'n dokter gee, sal baie meer genees word.

Mense gaan dokter toe en as hy sê, kom weer volgende week of oormore, dan doen hulle dit in geloof.
Maar as ons vir hom sê in die kerk dat hy nog nie heeltemal gereed is vir gebed nie, is hulle kwaad vir ons.

Dokters kan jou opneem in die hospitaal en sê: Bly ‘n paar dae hier dat ons jou kan opbou en sterker maak vir jou behandeling – dan is dit reg.
Maar, sê vir mense om ‘n paar keer te kom om geloof op te bou, dan is hulle kwaad.

Hoekom word almal nie dadelik genees nie ?
Daar is altyd twee komponente wat ons gelyktydig moet laat werk:
Die graad van geloof in God en Sy woord in die sieke; en
Die gawe van genesing en geloof in die persoon wat vir jou bid.

Genesing sal nie kom as daar nie geloof is om die gawes by te staan nie, al is daar genoeg van die gawe in die bidder.
Dit is ook so dat daar werklik persone is waarin daar so ‘n groot gawe is, dat almal gesond kan word.

Soms sal mense sê: daar was dadelik ‘n warm gevoel, of ‘n gevoel soos elektrisiteit deur my toe julle vir my gebid het.
Ek was beter vir so 2 tot 3 dae, maar nou is ek weer siek.

Daar was net nie genoeg geloof van die sieke se kant om die krag om te sit in aksie nie.
Hy het geweet dis daar – hulle het God se genesingskrag gevoel in hulle, maar hulle het nie reageer op God se Woord nie.

Wie mag vir siekes die hande oplê?

(1.) Elke gelowige wat vervul is met die Heilige Gees, het God se salwing in hom.
1 Johannes 2:27
‘die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle.’

Nou het jy die reg om jou hande op siekes te lê.
As hulle hulle geloof kan oplig en ‘n verwagting het om gesond te word, kan dit defnitief net daar gebeur.

(2.) Die wet van oordraging.
Hier is persone het die gawe van die Heilige Gees ontvang van genesing.
Daar is dan met gebed ‘n oordraging of oorsturing van krag, van persoon tot persoon.

Deur sy hande op iemand te lê kan iemand God se genesings- krag oordra na die sieke, omdat hierdie krag in hom is.

Let net daarop dat, hierdie krag nie outomaties net werk nie.
Jy kan nie net genesingskrag oordra na wie jy wil nie.

Wat sê die Bybel ?
Toe die vrou met bloedvloeiing aan Jesus geraak het, het Hy dadelik krag voel uit hom uitgaan.

Dis hoekom hy vra in ***Markus 5:30–31***
'wie het aan my klere geraak ?
Sy dissipels antwoord: U sien tog dat die mense van alle kante af teen U druk, en dan vra U nog: wie het aan my geraak ?'

Dis onmoontlik om te sê hoeveel mense het aan Jesus geraak net om te sien wat sal gebeur.
Maar geen krag het uit hom na hulle toe oorgegaan nie.

Maar hier draai Hy om, sien die vrou en sê: 'dogter, jou geloof het jou gered.'

Mense sê: Dis die genesingskrag wat uit hom gevloei het.
Jesus sê: Jou geloof het jou gered.

Dit was 'n kombinasie van die twee.
Haar geloof het die genesingskrag in hom aktiveer.
Dit was nog altyd in hom, maar nie een van die ander mense het dit ontvang nie, want daar was nie geloof daarby betrokke nie.

Genesingskrag is passief en onaktief, totdat geloof uitgeoefen word.
Dit werk net nie alleen nie.

Sover ons weet is daardie vrou die enigste een wat gesond geword het op daardie oomblik.
Omdat sy geloof gehad het, het sy met haar laaste krag uitgestrek na Hom toe en aan Hom geraak, en sy het onmiddellik volkome herstel.

Genesing kan defnitief vandag nog so ontvang word.

Vereiste: altwee die komponente.
* Jou geloof –
* Die genesingskrag in my as gawe, wat wag om deur my vrygestel te word as dit reg akiveer word.

Ons genesing: 'n alreeds-afgehandelde feit.

Die verhaal van 'n ou vroutjie in die 2de Wêreldoorlog:
Die bomme het aanhoudend op hulle stad geval en almal moes wegkruip en skuiling soek.
Na 'n paar dae kry hulle hierdie vrou weer, want niemand het geweet waar sy was nie.
'Waar was jy?' wil almal weet.
'Ek het net elke aand gaan slaap', sê sy.
'Die Bybel sê my God sluimer of slaap nooit nie, so ek het gereken waarom sou ons altwee dan wakker bly?
Ek het net gaan slaap – Hy het wakker gebly, ek hoef nie.'

Die Woord sê ook in ***Jesaja 53 : 4***
'Hy het ons lyding op hom geneem, ons siektes het hy gedra.'

Nou, dan het ek mos ook geen rede om my siekte self te dra nie.
Hy het dit volkome van my weggeneem en hoef ons altwee dit nie te dra nie – nee, Hy sal dit dra.
Ons moet dit net begin glo.

Verhaal van 'n kanker-vrou:
Sy het 'n groot kankergewas aan haar nek gehad.
Daar is vir haar gebid in die gebedslyn.

Met die gebed is aan haar gesê as 'n profetiese woord van wysheid:
Sy moes elke dag as sy opstaan, as sy was, as sy werk, as sy haar huis skoonmaak, as sy gaan slaap en elke keer as sy net daaraan dink, net sê:
'Volgens die Woord van God, is ek genees.
Ek glo ek is van hierdie kanker genees.'

Op die tiende dag het sy by die kerk opgedaag en gesê:

'Die kankergewas het doodeenvoudig van my nek afgeval.
Daar was 'n hele klomp wortels daaraan.
Maar, my vel is glad en so sag soos 'n baba s'n. Prys die Here.'

Sy het geglo in goddelike genesing.

Toe sy die woord ontvang as die kontak tussen haar en genesing, het sy nie een oomblik weer getwyfel nie.

Wanneer is sy genees ?
Op die 10de dag ?

Nee, sy is alreeds genees op Golgota, maar dit het nou eers gemanifesteer as genesing toe sy dit begin glo het.
Die oomblik toe sy begin bely: 'Volgens die Woord is ek genees', toe word dit 'n werklikheid.

As ons begin glo dat Jesus Christus vir ons die siekte gedra het, en ons nie self daarmee moet sukkel nie – dan kom genesing.

5.AS GENESING NIE KOM NIE

'Ek het al baie gebid en gebid en daar is al vir my gebid in baie kerke oor die hele land, maar ek is nog steeds siek.
Kan jy my dalk help?'

Hierdie uitroep is oor jare al baie gehoor deur genesings- bedieninge orals.
Daar word vir siekes gebid maar hulle gaan net weer huistoe soos hulle gekom het – nog siek.

VRAE WAT PLA:
* Waarom word sommiges oombliklik genees en ander strompel van plek tot plek, op soek na genesing en word keer op keer teleurgestel ?
* Waarom ly kerkmense, pilare in die kerk vir jare aan siektes en word net nooit genees nie ?

* Ander weer, wat nie eers werklik die Here dien nie, ontvang net eendag 'n wonderwerk van God, waarom ?
* Het God in hierdie gevalle witbroodjies vir wie hy alles net gee ?
* óf, het ons dalk gefaal in ons soeke na wat God werklik sê in sy woord oor genesing ?

Jakobus 5:14-15;
'Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.
En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig.'

Baie klem is gelê op die bediening van die hande oplê, die salf met olie en die bid vir siekes.
Maar, daar is meer in genesing as net die salf met olie, net soos wat daar meer is in redding is as om net te bid.

Die genesings-olie, die predikant se gebed, die oplê van hande is daar, maar dis net metodes of punte van kontak.
Dit alleen sal jou nie genees nie!
Dis alleenlik net kanale waardeur ons ons geloof in God se woord kan vrystel.

Jesus Christus het alreeds betaal vir ons siektes aan die kruis.
As ons nie presies weet wat God se Woord sê nie kan ons nooit ons geloof deur sy Woord laat werk nie.
Al wat gebeur is dat ons ons vertroue plaas in handoplegging of olie en is ons elke keer teleurgestel as dit nie werk nie.

Daar is ook baie klem gelê op die gawes van genesings as deel van die Heilige Gees bediening soos opgeteken in
1 Korinthiërs 12:8–10
'want aan een word deur die Gees 'n woord gegee….en aan 'n ander **genadegawes van gesondmaking**, deur dieselfde Gees'.

Daar sal manifestasie van hierdie geestelike gawes wees waar mense dit preek en dit vir ons leer en daarin geglo word en aan die Heilige Gees toegegee word.
Maar dié gawes is nie altyd aan die werk nie.

Baie nuwe Christene is al deur sulke geestelike gawes genees. Wanneer hulle dan later weer iets oorkom, i.p.v. om in God se Woord te glo, verwag hulle om weer op dieselfde manier genees te word en is hulle teleurgestel as dit nie weer werk nie.

Christene kry dit so baie keer nie reg om weer so 'n groot opbou van geloof te sien nie – veral as hulle by die punt gekom het waar hulle dit teenstaan of op hulle eie manier wil laat werk.

'n Tipiese voorbeeld is om in Afrika te gaan werk.
Daar is so baie genesings as jy begin bedien, maar later in die kerke na bekering gaan dit moeiliker.
Pastore kla dan dat goddelike genesing later nie meer werk in hul kerk nie.

In hierdie groepe is goddelike genesing 'n baie belangrike manier om die evangelie te verkondig.
Op die markplein, na die prediking van die Woord word mense makliker genees.
Dieselfde persoon woon nou die dienste by, kom nou tot bekering en word later vervul met die Heilige Gees.

Gelowiges word genees deur hulle geloof in God se Woord te plaas en nie net op emosie te gaan nie.

Ons moet altyd onderskei tussen:
* genesing wat volg op die gawes en manifestaie van die Gees,
* genesing wat volg op die plaas van ons geloof in God's Woord alleenlik.

Dis baie belangrik om te let dat persone nie hierdie geestelike gawes self beheer nie, dit opereer slegs deur hulle.
Die Heilige Gees is in totale beheer – nie hulle nie !

Ons kan dit nie laat werk net wanneer ons wil nie.
Ek kan baie dinge uitspreek, maar baie keer sonder goeie gevolge.
Ek kan myself slegs gedurig oopstel vir die werking van die Gees deur my.
Dit sal werk wanneer God wil.

Dis ook belangrik om te let: As ek nie die hele tyd besig is om vir mense te bid nie, hoe kan die Gees dan ooit werk ?

Daar is ook vir ons geleer in kerke dat Jesus Christus mense genees het om sy goddelikheid te bewys.
Maar dan het hy nooit sy goddelikheid in Nasaret bewys nie, want hy het daar baie min mense aangeraak.

Markus 6:5
'en Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes die hande opgelê het.'
Die rede ?
Vers 6: 'en Hy was verwonder/verbaas oor hulle ongeloof.'

Lees mooi: Dis is nie Hy "**WOU"** nie…..Hy **"KON"** nie..

Onthou: Jesus het nie mense genees om sy goddelikheid te bewys nie.
Hy het nie bedien as die Seun van God nie.
Hy het mense bedien as 'n profeet, bekragtig en gesalf deur die Heilige Gees.

Hy sê van homself in ***Lukas 4:24***
'geen profeet word in die plek waar hy grootgeword het, aanvaar nie.'
Hy noem homself 'n profeet.

Ons lees waarom Jesus toe, en ons vandag op sekere tye nie mense kan gesond maak nie :
Mattheus 13:58
'en Hy het daar vanweë hulle ongeloof, nie baie kragtige dade gedoen nie.'

Ek wil graag aan u toon dat genesing nie net altyd gebeur nie en dat almal nie altyd aangeraak word nie.
Hoekom ?
Die Heilge Gees besluit daaroor – nie ek en jy nie.

Kom ons lees verder in ***Lukas 4:25–27****:*
'Maar Ek sê vir julle met waarheid, daar was baie

weduwees in Israel in die dae van Elía toe die hemel toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar ‘n groot hongersnood gekom het in die hele land, en na nie een van hulle is Elía gestuur nie, behalwe na Sarfat in Sidon, na ‘n weduwee.
En daar was baie melaatses in Israel in die tyd van Elísa, die profeet, en nie een van hulle is gereinig nie, behalwe Naäman, die Síriër.’

Selfs Elia die groot profeet kon nie net die gawes wat hy besit het altyd gebruik nie.
vir almal maak werk nie.

Elisa het ‘n dubbelporsie van salwing gehad, en net een melaatse, ‘n vreemdeling, word genees.

Onthou: Die Heilige Gees laat die gawes werk.
Al wat ons doen is om druk op mense te plaas wat wel die gawe het.
Bid liewers en vra vir God wat Sy wil is, i.p.v. te kritiseer.

Belangrik:
* Ons moet altyd oop en gereed wees vir die manifestasie en die stem van die Heilige Gees.
* Ons hoef egter nie te wag vir iets bonatuurliks om bevry te word van dinge wat verkeerd is in ons lewe nie.
* Die gawes van die Heilige Gees het al baie in ons bediening gevloei, maar dit beteken nie ons kan dit vir almal laat werk nie.
* Jesus Christus bly die geneser, nie ons nie.

Belangrik:
* Genesing behoort aan ons!
* Dit is nie net ‘n kwessie van gebed nie.
* Dit is nie altyd net ‘n bonatuurlike gawe wat werk nie.
* Genesing behoort aan ons, want dit is beskikbaar gemaak vir ons deur die Here, Jesus Christus.

Ons hier wil so graag siek mense sien gesond word:

Ons wil so graag mense op een van die maniere help om genesing te ontvang –

* Óf deur die bonatuurlike gawes van God, in ons bediening
* Óf om die Woord van God in hulle in te kry, sodat geloof kan opspring in hulle harte.
* dan, as ons hande op hulle lê en ons geloof saamvoeg, kan mense hulle gesondheid ontvang.

Bediening in groepe:

* Om eers die woord te bedien – veral oor geloof en hoe hulle geloof moet bou in God se plan**.**
* Om hande op siekes te lê om 'n punt van kontak te skep,
* Om dan deur hulle geloof en ons geloof saam, hulle 'n kans te gee om genesing te ontvang.

Daar is altyd die vraag of ons iets moet voel of iets moet ervaar as daar gebid word ?
Nee.

Sommige mense voel 'n hittegloed.
Sommiges voel niks.
Sommiges word net daar gesond,
Sommiges gaan huistoe en word daar genees oor 'n sekere tydperk.
Van jou en my word daar net verwag om God se Woord en Sy beloftes uit te spreek en te glo.
Roep die beloftes en genesing uit oor jou.

Verklaring:

* Ons glo in bonatuurlike goddelike salwing en genesing.
* Ons verwag dat God dit sal doen.
* Ons is veronderstel om dit te verwag.
* Ons moet mekaar se geloof en verwagtings opbou.
* Genesing behoort aan ons.

6.SIEKTE EN SONDE:

Markus 2:3–12;

‘En ná ‘n paar dae het Hy weer in Kapérnaüm gekom, en die mense het gehoor dat Hy in die huis was.
En dadelik het baie saamgekom, sodat daar selfs by die deur nie
meer plek was nie; en Hy was besig om aan hulle die woord te verkondig. En daar kom mense na Hom met ‘n verlamde man wat deur vier gedra word.
En toe hulle vanweë die skare nie naby Hom kon kom nie, maak hulle die dak oop waar Hy was, en nadat hulle dit oopgebreek het,
het hulle die bed waar die verlamde op lê, laat afsak.
En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: Seun, jou sondes is jou vergewe!
En sommige van die skrifgeleerdes het daar gesit en in hulle harte geredeneer: Waarom praat hierdie man so godslasterlik? Wie kan sondes vergewe behalwe Een, naamlik God?
En Jesus het dadelik in sy gees geweet dat hulle by hulleself so redeneer, en Hy sê vir hulle: Wat redeneer julle oor hierdie dinge in jul harte?
Wat is makliker, om vir die verlamde te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staan op en neem jou bed op en loop?
Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe—sê Hy vir die verlamde man:
Ek sê vir jou: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.
En dadelik staan hy op en neem sy bed op en gaan voor die oë van almal uit, sodat almal verbaas was en God verheerlik en sê: So iets het ons nog nooit gesien nie!’

Hier speel ‘n ongewone toneel hom af in Petrus se huis.
Vier mense het sopas skade aan Petrus se huis gedoen – hulle het sy dak oopgebreek.

Wat meer is, hulle het Jesus se diens onderbreek.

Terwyl hy besig was het hulle ‘n verlamde man deur die oopgebreekte dak laat afsak – tot reg voor Hom.

Tog lyk dit nie asof Jesus vir hulle kwaad is nie.

Hy kyk na die sieke en dan kom Sy woorde:
‘Seun, jou sondes is jou vergewe.’
Dis tog vreemd.
Wat het sy verlamming en sy siekte met sonde te maak?

Daar was onder andere twee dinge wat die Jode van daardie tyd geglo het:

Eerstens:

Die Jode van daardie tyd het altyd ‘n verband tussen siekte en sonde gesien.

Hulle het alle siekte teruggeneem na die sondeval en gesê:
‘Alle siektes is indirek die gevolg van die sondeval.
Hulle het selfs ‘n gesegde gehad: ‘’n Siek man kan nie genesing ontvang, voordat al sy sondes vergewe is nie.’

Maar wat doen Jesus ?
Ons moet daarop let dat in Sy leringe het Jesus hierdie tipe veralgemening probeer weerlê.
Dink aan Sy woorde aan die dissipels toe hulle Hom uitgevra het oor ‘n man wat blind gebore was:
‘Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is; sy eie of sy ouers s’n?’

En Jesus antwoord: ‘Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s’n nie, maar hy is blind gebore sodat die werke wat God doen, in hom gesien kan word.’

Die tweede ding wat die Jode geglo het is dat na die dood, jou siel en jou gees nog vir drie dae op aarde rondsweef.
Hulle het geglo dat in daardie drie dae kan iets nog met jou gebeur.

Hoekom dink jy wag Jesus vir vier dae voordat Hy gaan om vir Lasarus op te wek?
Net dat die wonderwerk soveel groter was, want die Jode het nie gedink dit was moontlik nie.

Wat van die verlamde man wat nou voor Jesus lê?

In sy geval, spreek Jesus heel eerste die kwessie van sonde aan.
'Seun, jou sondes is jou vergewe.'

Ons moet so dankbaar wees dat Jesus nie net gebroke en siek mense gesond maak nie, maar ook sondige mense vergewe. Want wat sou dit gehelp het as Hy net hierdie verlamde man se siek liggaam gesond gemaak het?
Dan was hierdie man gesond maar sy sonde sou nog nie vergewe gewees het nie.

Ja, Jesus het aarde toe gekom en vir die totale mens gesterf. Hy weet ook dat ons geestelike nood ons heel grootste nood is. Daarom het Hy hierdie verlamde man heel eerste vergewe. Hierdie vergifnis het impliseer dat daar 'n problem met sonde was.

Jesus het sonde nooit ligtelik opgevat nie.
Hy het nooit vir mense wat met 'n skuldbesef na Hom toe gekom het gesê: 'Ag, vergeet dit net' of
'Moenie so skuldig voel oor jou sonde nie, dis nie so erg nie.'

Christus het geweet dat om sonde en skuld te ontken of te onderdruk of toe te smeer, skep net meer probleme as wat dit oplos.
So, dit gaan eerstens om sy sonde vergewe te kry.

Die gesegde sê:
' As 'n man besef dat sy sonde vergewe is, is dit die grootste genesingskrag in die wêreld.'
'A man's sense of having been forgiven, is the most healing force in the world.'

Alle siektes is nie die gevolg van sonde nie maar ‘n groot deel is.
Mense is egter al dikwels met onnodige skuldgevoelens belas, net omdat die ander altyd sonde soek as die oorsaak van elke siekte.

Oorsake van siektes:

(1.) Spontane kindersiektes en griep en verkoue is voorbeelde van siektes wat **geen geestelike redes het nie** - dit kom net.

(2.) Die meeste siektes wat chronies is het **defnitief ‘n geestelike wortel en ‘n oorsaak**.

Die meeste kom deur die familielyn en sien ons so dikwels dat bv. suikersiekte, hoë cholesterol, beroertes en sekere kankers, die meeste lede van ‘n familie aantas, van geslag tot geslag.
Hier het die siektes defnitief ‘n geestelike oorsaak.

(3.) Sommige siektes **bring ons oor onsself.**
Daar kan net nie genoeg gepraat word oor wat ons gewoontes en die dinge wat ons doen aan ons liggame maak nie.
Soveel longsiektes, lewersiektes, maagsere, obesitiet kom van dinge af wat onsself toelaat.

(4.) Siektes wat **deur ander mense se sondes** veroorsaak word.
Dit is die tragiese van sonde.

Dit is dikwels nie net die persoon wat die sonde doen wat ly nie.
Ander onskuldige mense ly soms meer as gevolg van daardie sonde.

Dink net aan dronk of roekelose mense se optredes.
Hulle maak ongelukke, mense gaan dood, sommiges word vir ewig vermink en sukkel daarna met hulle gesondheid.
Soveel stukkende en gebreekte liggame agv. iemand anders se sonde.

Hoeveel onskuldige vrouens word daagliks in ons land met die HIV virus besmet net omdat hulle mans hulle skuldig maak aan buitehuwelikse seks met verkeerde vrouens.

Dieselfde geld vir die duisende babas wat gebore word met net ‘n paar jaar lewensverwagting agv. die moeder se Vigs.
En word hierdie siektes net doodeenvoudig oorgedra aan hulle wat niks verkeerd gedoen het nie.
Hoeveel mense se lewens en gesondheid word verwoes deur iemand wat hulle as kind gewetenloos misbruik het of hulle is as volwassenes verkrag.

Hulle ly swaar en sit dikwels met erge emosionele en liggaamlike probleme daarna.

Die sonde speel soms so ‘n groot rol.
Dis net altyd ons wat dit nie wil erken nie.

Jesus sê bv. vir die verlamde man by die bad van Betesda:
Johannes 5:14;
‘Kyk, jy is nou gesond. Moet nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.’

Jakobus se voorskrifte hieroor is baie duidelik:
Jakobus 5:14–16;
‘Is daar iemand siek onder julle ? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid, nadat hulle hom in die Naam van die Here gesalf het.
En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig.
Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.
Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.’

Duidelike klem op sonde, daarna belydenis, daarna vergifnis en daarna gesond word.

Wanneer ‘n mens die vrugte van jou foute en sonde pluk, kan jy net jouself verwyt.
Dis egter veel moeiliker wanneer jy die slagoffer van ander mense se misdade en sonde is.

Miskien worstel jy nou in jou lewe met so ‘n emosie.
Jy ly onregverdig as gevolg van ander mense se sonde en boosheid
Al hierdie sondes teen ons het die potensiaal om ons emosioneel te verwond en liggaamlik siek te maak.

Dit is belangrik dat jy sal raaksien dat Jesus ook hierdie sondes wat teen jou gepleeg is en die effek daarvan op jou lewe, kan waarneem.

Wees jy maar net bereid om na Hom te kyk en draai jou oë doelbewus weg van die onreg en seer van die verlede.
Jesus kan die boeie en kettings van die verlede verbreek.

Jy het ‘n deurbraak nodig want jy is in ‘n stryd.
Dit is Sy oorwinning wat ons oorwinning gee oor die werk van die duiwel.

Een sonde wat sekerlik die meeste siektes meebring is onvergewensgesindheid.
God het ons al ons sonde kom vergewe as ons Hom daarvoor vra.
Daarom is dit so ‘n ernstige sonde voor God as ons nie ‘n medemens wil vergewe nie.

Hierdie siektes wat volg op onvergewensgesindheid sal net nooit gesond word, voordat ons nie met erns en in waarheid dié mense vergewe het wat teen ons gesondig het nie.
Daar is nie ‘n ompad verby hierdie opdrag nie!

Terug by die verlamde man in ons voorgelese deel.

Hoekom sou Jesus hierdie verlamde man se sonde vergewe het?
Hoekom het Hy nie sommer in die begin al vir hom gesê: ‘Staan op, neem jou bed op, en loop.’ nie?

Het Jesus iets geweet wat die mense nie geweet het nie ?

Die feit dat Hy hom van sy sonde vrygespreek het wys dat sonde hierdie man se groot probleem was.
Dis hoekom hy siek was.

Die een belangrike saak is dat die innerlike probleem soms baie groter as die uiterlike probleem is.
Sy sondeprobleem was groter as sy fisieke probleem.

Die uiterlike probleme is so baie maar net die punt van die ysberg – die teken van 'n dieperliggende emosionele of geestelike probleem.
Ons moet weet: Jesus Christus het nie vir homself gesterf nie, Hy het vir jou gesterf.

OPSOM:

Siekte en smart is deel van ons sondige en gebroke wêreld. Hierdie ellende is dan ook dikwels deel van die gelowige se lewensbeker.

Ons kan dit nie vermy nie, maar ons moet ook eerlik wees en sê dat daar sekere siekte en smart is wat ons oor onsself bring. as dd
Omdat ons as mense uit drie dele bestaan is dit nog altyd so dat wat ons in die gees en emosionele deel beïnvloed, altyd 'n effek op ons liggaam sal hê.

Met gebed vir gesondheid, gebeur daar altyd iets in die bonatuurlike.
Jou liggaam is nie noodwendig altyd dadelik reg nie en is dit belangrik om te weet dat chemoterapie, operasies en medikasie soms nodig is om ons liggame in pas te kry.

Moets en moenies:

(1) Ons moet ophou om te glo dis sonde om bloeddruk medikasie, hormoonpille, ens. te neem.
Dis bloot net daar om ons liggame aan die gang te hou.

(2) Moet asb tog nie elke keer as daar met ‘n Christen iets gebeur, die vraag vra: ‘Ek wonder watter sonde het die ou nou weer gedoen.’

(3) Ons begin om Jesus Christus te dien, die oomblik wanneer ons andere in nood begin bedien.

(4) Jy mag dalk nie gestuur wees vir almal nie, maar jy is defnitief gestuur vir iemand.
Die gawe in jou is wat God kan gebruik om andere te seën.

(5) Jy sal begin sukses behaal in die lewe as ander mense se probleme vir jou begin belangrik word.

7.DIE NAGMAAL EN GENESING:

As ‘n jong christen wat grootgeword het in ‘n tradisionele kerk, is die een ding wat my altyd getref het van die Nagmaal, die moontlike oordeel wat oor jou kan kom.

Ek het geglo dat as ek nog sonde het en nie al my sondes bely het nie, is die oordeel op my!

Ek glo dat daar vandag nog so ‘n vrees bestaan.

Daar is nog soveel onkunde oor wat ons mag doen en wat nie.

Sommige christene wonder of hulle nagmaal mag gebruik as hulle nog nie weer gedoop is nie, terwyl ander nie weet of hulle eers moet klas loop voordat hulle mag begin nie.

Die een belangrike ding wat ons moet raaksien is die absolute liefde van God vir ons, wat Hy wil demonstreer in die sakrament van die Nagmaal.

Ek is oortuig dat God die nagmaal ingestel het, nie as ‘n ritueel wat ons moet volg nie, maar as ‘n seëning wat ons moet ontvang – die seëning van gesondheid en heelheid.

Wanneer jy daardie stukkie brood in jou hand neem, kom jy in aanraking met grootste uitdrukking van Jesus Christus se liefde.

Hierdie liefde het Hom gedryf om die wrede houe op sy rug te kan hanteer en dit het Hom in staat gestel om Sy liggaam te gee om geslaan, gewond en gebreek te word, sodat joune gesond kan wees.

So, wanneer jy die brood neem, herdenk jy en stel jy jou geloof beskikbaar om Sy genesing en Sy heelheid te ontvang en te ruil vir jou siekte en jou krankheid.

Wanneer jy die wyn drink, word jy herinner dat die bloed van die sondelose Seun van God nie net vir jou vergifnis van sonde gebring het nie, maar dat dit jou vir altyd regverdig, heilig en blaamloos maak.

Daarom kan jy vandag perfek staan voor God.

Ek wil graag 'n stelling maak:

Die belangrikste ding in jou lewe is om die versekering van saligheid te verkry, deur wedergeboorte. Dit verseker dat ek hemel toe gaan, en die ewige oordeel en hel kan vryspring.

Die belangrikste ding daarna, is om fisies gesond te wees.

Daar is altyd mense wat sê dat as hulle oorgenoeg geld het, dit vir alles sal sorg.
Wel, in my praktyk sien ek skatryk mense, met soveel geld as wat hulle wil hê, en 'n hele vloot karre, maar hulle kan nie een daarvan ry nie want hulle lê siek in die bed.

Daar is soveel wat net smeek:'As ek maar net weer my gesondheid kan terugkry – ek sal wat gee daarvoor.'

Jy kan 'n wonderlike gesin hê en baie kinders, maar, as jy siek in die bed lê, kan jy niks daarvan geniet nie.

Ek glo werklik dat om gesond te wees, die grootste seën hier op aarde is.
Sonder dit is daar geen manier hoe jy God se seëninge kan geniet nie.

Dit is in God se natuur om ons te genees.

Die Bybel sê van Jesus***:*** ***Handelinge 10:38;***

'Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en **almal genees** wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.'

Jesus het nie elke dag op water geloop nie, en Hy het ook nie elke dag storms stilgemaak nie, maar Hy het elke dag mense genees.

Toe God sy volk uit Egipteland uitgeneem het na die beloofde land, het Hy seker gemaak dat almal in goeie gesondheid was.

Psalm 105:37;
'Toe het Hy hulle laat uitgaan met silwer en goud, en onder sy stamme was daar niemand wat struikel nie.'

Al 2.5 miljoen – gesond en genees. Dit was en is nog steeds God se wil vir sy kinders vandag, om gesond en genees te wees.
Maar, as dit God se wil is om te genees, waarom is daar soveel siek Christene vandag? Ek praat nie van geringe dinge nie, maar van lewens-bedreigende siektes.

As die volke van die wêreld siek is kan ons dit verstaan, want hulle het nie Jesus as beskerming nie, so geen wonder hulle sukkel nie.
Maar, as ons gelowiges siek is, kom die vraag op: waarom?

Die antwoord moet ook nie van wetenskaplikes af kom nie, ons wil dit uit Gods Woord hê.
Die Bybel gee slegs een rede waarom Christene siek is en te vroeg doodgaan:

Die Apostel Paulus skryf in ***1 Korinthiërs 11:29-30;***

'Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.'

Die rede wat hy aanvoer is slegs:
'Omdat hy nie die liggaam van Jesus onderskei het nie.'

Wat beteken dit?
Dit beteken dat almal wat aan die tafel kom sit het nie mooi verstaan het wat hulle doen nie.
Hulle het nie geweet waarom hulle die brood moes neem en dit eet nie.
Dis die rede hoekom hulle nie die goddelike lewe van hulle Verlosser ontvang het nie, en gevolglik was hulle siek en het vroeg doodgegaan.

Dit beteken dus ook: As ons presies weet wat ons doen by die nagmaal, en werklik die liggaam van Christus onderskei, sal ons nie siek word nie.

Dis soos so baie dinge wat ons van God moet ontvang: Ons fokus so op dié dinge, dat ons ons oë afhaal van God af.
Ons fokus so op wat ons eet, dat ons glo dit sal ons gesond hou.

Ons mag nie glo dat ons eie menslike pogings ons gaan red nie - ek moet glo dat God my gaan gesond hou.
Om fokus te verloor bly die grootste rede waarom mense faal.
Ons moet fokus op God se voorsiening vir ons.

Dis waarom God die Heilige Nagmaal ingestel het – as 'n

kanaal vir gesondheid vir sy kinders.

Die eerste kerk het dit geglo en gedoen:
Handelinge 2:42;
'En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.'

Hulle het vasgehou aan dit wat vir God belangrik was.
Hulle het God by sy Woord gevat en dis geen wonder dat hulle Sy krag belewe het nie.

In ***Handelinge 2*** lees ons dat hulle het brood gebreek van huis tot huis en baie tekens en wonders is gedoen deur die apostels.

Ek glo werklik dat God vandag die betekenis en krag van die Heilige Nagmaal wil herstel, sodat die kerk kan weet hoe om die Liggaam van Christus te onderskei.
Dit sal hulle in staat stel om sterker te word en langer te leef.

Vader God het vir ons gesondheid voorsiening gemaak en dit word alles moontlik vir ons deur die dood van Sy Seun Jesus Christus, as ons aansit by sy tafel.
Ons moet alles kan ontvang waarvoor ons Redder gely en doodgemaak is.

1 Korinthiërs 11:29-30:
'Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.'

Paulus sê baie duidelik: Dit was nie die gebrek aan die onderskeiding van die **bloed** nie, maar aan die onderskeiding van die **liggaam** wat gemaak het dat mense swak, sieklik en vroeg dood is.

Ons het geleer dat die twee elemente van die nagmaal een is, en so gebruik moet word – daarom die geloof dat die bloed en die brood albei gaan oor die vergewing van sondes.

Nou besef ons dat die bloed en die liggaam nie as een hanteer moet word nie. Daar is 'n dubbele doel met die twee.

Die wyn, wat die bloed is, is vir die vergewing van my sonde, en die brood is die liggaam – dis vir genesing van my liggaam.

1. Die Bloed is vir vergifnis:

Almal het geweet dat die bloed van Jesus Christus bring vergifnis van sonde:

Kolossense 1:14;
'In wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.'

Efesiërs 1:7;
'In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade.'

Omdat Jesus betaal het vir ons sonde met sy sondelose bloed 6 kan ons vandag vry wees as ons ons vertroue in Hom plaas. Sy bloed maak dit moontlik vir ons om voor God te kan staan.

2. Die Brood is vir genesing:

Om die Liggaam te onderskei, bring vir ons genesing.

Wat beteken dit om die liggaam te onderskei ?

Mattheus 26:26;
'En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood,
en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.'

Die dissipels het hier dadelik geweet dat Jesus sy lewe, sy gesondheid en sy heelheid aan hulle wil oordra.
Hierdie manne het drie jaar saam met Jesus gelewe en Hom nooit siek gesien nie.

Hy was in teendeel ‘n voorbeeld van ‘n volmaakte gesonde mens.

Jesus se hele wese was vol van lewe in oorvloed – selfs sy klere was gevul met sy gesondheid.
Dis waarom die vrou met die bloedvloeiing net nodig gehad het om aan sy klere te vat en genesing vloei in haar in.

Dis waarom Lukas sê in ***Lukas 6:19;***

‘En die hele skare het probeer om Hom aan te raak, omdat krag van Hom uitgegaan het, en Hy het almal gesond gemaak.’

Dis waarom Jesus na sy dissipels toe kom en aan hulle Sy wonderlike liggaam aanbied, in die vorm van brood.
En hulle weet dat as hulle hierdie brood eet, neem hulle hierdie gesondheid in hulle in.

Hoe lyk hierdie brood wat Jesus aan hulle kom gee?
In die vorm van Matzah.
‘n Matzah is ‘n plat brood, wat ge-ëet word gedurende die Paas -fees, en simboliseer die liggaam van Jesus.
‘Die Mishnah’ – die Joodse wet, gee baie duidelike inligting oor hoe hierdie brood gemaak moet word.
Daar was geen suurdeeg in die proses nie, dit moes gebak word, gate moet daarin gemaak word en dit moet diep kepe in hê.
Omdat suurdeeg nog altyd sonde verteenwoordig moes dit nie gebruik word nie, want Jesus is die sondelose offer.

Die brood word geskroei en gebak – dit is die wraak van God teen ons sonde, wat op Jesus geval het.
Hierdie vlamme moes op ons geval het, maar dit val op Jesus, in ons plek.

Die gate in die brood verteenwoordig die gate wat in Jesus gesteek is:in sy kop (dorings) en in sy sy (spies)
Die diep kepe of strepe in die brood is die genadelose katshoue wat Jesus se liggaam vir ons gevat het, sodat ons gesond kan wees.

So, as jy na die tafel toe kom, is dit nodig om hierdie liggaam van Jesus te onderskei.
As jy die brood eet, weet dat Jesus ook die brood geneem het en dit gebreek het, soos wat sy liggaam ook gebreek sou word.

As jy nou eet van sy gebroke liggaam, weet dat sy liggaam gebreek is, sodat joune gesond kan wees vandag.
Die oomblik as jy dit eet en jy glo, gebeur daar iets in jou liggaam – dit begin dadelik sterk en gesond word en 'n lang lewe kom in jou in.
Dit is Jesus se belofte vir ons.

Kom ons kyk waar hierdie belofte vir ons opgeteken is:

Jesaja 53:4;
'Nogtans het Hy **óns krankhede** op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra'
Jesaja 53:5
'Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons

die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Mattheus 8:17;
'Sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.'

Dit beteken dat Jesus nie net ons sonde op Hom geneem het nie, maar hy het ook ons liggaamlike swakheid, ons pyn en ons siektes op hom geneem.

Lukas 22:15-20;
'En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly.
Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie.
En toe Hy 'n beker geneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle.
Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit

en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.
Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.'

Hier vergelyk Jesus wat nou daar gebeur met die eerste Paasfees in Egipte toe die volk gereed gemaak het om Egipte te verlaat op hulle tog na die beloofde land.

Hier word die bloed van die offerlam geneem en gesmeer aan die deurposte en kosyne. Dit het hulle beskerm teen die dood, wat by hulle sou verbygaan as die bloed daar is.

Eksodus 12:13;
'Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.'

Die bloed het hulle sonde bedek en was vir hulle vir vergifnis.
Maar wat het in die huis gebeur?

Exodus 12:8;
'En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.'

Hier was die vleis en die ongesuurde brood daar om hulle liggame krag te gee vir hulle uittog.
Dit was nie vir normale krag nie, maar vir bo-natuurlike krag.
Dis hoekom nie een van 2.5 miljoen wat daar uitgetrek het siek was nie, inteendeel, hulle was vir 40 jaar lank gesond.

Jesus bring nie net vergifnis nie, die tweede deel is heeltemal anders: dit bring genesing.

Vandag is die nagmaal daar dat as jy die liggaam reg onderskei, kan jy wonderwerklike genesing verwag.
Daar is soveel mense wat vandag kan getuig:
'Die oomblik toe ek nagmaal met die regte gesindheid gebruik,

het ek gesond geword.'

Wanneer is jy onwaardig?

1 Korinthiërs 11:29-30;

'Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.'

Onwaardigheid beteken suiwer om onkundig te wees en deel te neem aan die nagmaal sonder om te weet waaroor dit regtig gaan.
Dit gaan oor die aksie of die manier om dit te gebruik, nie oor die persoon nie.

1 Korinthiërs 1:27-29;

'Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.
Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.
Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.

Dis hoekom Paulus hulle leer om eers by die huis te eet en om nie net te kom oor-eet of te veel te drink nie want dis waarin die onwaardigheid lê.
Dis waarom hulle siek is en te vroeg doodgaan.

Wie mag die nagmaal bedien en gebruik?

Jesus se opdrag is om die nagmaal gereeld te gebruik.
Daar moet iets besonder daaraan wees, want Hy sou nooit so gesê as Hy nie 'n seëning vir jou in gedagte het nie.

Almal wat glo dat die nagmaal vir hom iets inhou, mag dit in geloof net gebruik.
Die oomblik wat jy 'n gelowige word, word jy 'n priester – en mag jy nagmaal gebruik en dit aan andere bedien.
In die kerk word dit gewoonlik bedien deur die voorganger,

maar tuis is jy die voorganger.

Hoe gereeld?

So dikwels as wat jy dit nodig het.
Dit hang af van hoeveel genesing jy van God verlang.
Ek glo nie dat jy dit elke dag moet doen nie, maar, as jy siek is, doen dit daagliks.

Die hele nagmaal is daar om jou te help.
Dis vergewing van my sonde, en
Gesondheid vir my liggaam.

Nou word ons geleer dat as dit nie goed gaan met jou of met jou huwelik nie, dan moet dit verbygaan.
Dis tog totaal verkeerd: Dit is juis dan dat jy dit nodig het!

8.EK GLO IN WONDERWERKE

Die werklike grootheid van die krag van God sien ons in die opwekking van Jesus Christus.
Dit bly die grootste en mees betekenisvolle wonderwerk van alle tye.

Paulus skryf in ***1 Korinthiërs 15:14-20***

'En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie.
Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore.
As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense.
Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.'

Die hoeksteen van ons hele Christelike geloof rus op hierdie wonderwerk.
As Christus nie opgewek was nie, is al ons prediking verniet.

Geen ander geloof kan staan op 'n wonderwerk soos dié nie. Maar omdat Jesus leef is ons geloof nie tevergeefs nie, maar het die wonderwerk van krag ook vir ons beskikbaar geword. Ons het geen krag uit onsself nie – alle krag behoort aan Hom.

God het aan ons die belofte gemaak dat hierdie sterflike liggame van ons eendag opgewek gaan word en nuut sal wees en daarom is ook genesing vir hierdie liggaam op aarde 'n werklikheid.

Die groot gevaar in die kerk vandag is dat ons wonderwerke en krag wil probeer beheer – ons kan nie.
God werk elke dag anders – net soos Hy wil.

In die bybel lees ons dat die huisgesin van Cornelius vervul geraak het met die Heilige Gees, sonder dat daar vir hulle gebid is, maar tog, in Handelinge 19:6, sien ons mense vervul raak met die Gees toe daar vir hulle 'die hande opgelê' is.

As ons met wonderwerke te doen het mag ons nie dogmaties raak, of vooropgestelde idee's hê nie.

Genesing kom deur geloof en 'n kontak: Hierdie kontak kan 'n persoon, 'n plek of omstandighede wees.

Met een blinde kom visie terug nadat Jesus klei op sy oë plaas, die ander een word net aangeraak en kan sien.

In Jakobus 5 moet die oudstes in Christus siekes salf met olie en vir hulle bid, maar later in Handelinge 5 lê die siekes langs die pad en slegs Petrus se skaduwee genees hulle.

Die Heilige Gees se krag is nooit beperk tot mense of plekke nie.

Maar een ding is seker: alle genesing is bo-natuurlik en Goddelik, of dit nou fisies of geestelik is.
Die geestelike is altyd groter.

GENESING IN DIE KERK VANDAG:

Die grootste tragedie is nog steeds dat daar nie in kerke vandag gebid word vir wonderwerke of genesing nie.
Die beginsel staan nog altyd: As ek oor genesing en wonderwerke praat, daaroor preek, vir mense bid en dit verwag, sal ek dit sien.

Onkunde bly hier ons grootste vyand.
Die lering en die preek van genesing moet altyd opgevolg word met gebed.

Te veel sien jy baie siek en terminale mense hulle-self uit 'n kerkdiens sleep waar daar vir siekes gebid is.
Hulle is nou totaal pateties, want daar is nou net aan hulle gesê dis omdat hulle nie geloof het, dat hulle siek bly.

My hart gaan uit na hulle toe, want ek weet hoe hulle 3 daagliks gespartel het net om meer geloof te kon kry.
Hulle is oor en oor geleer dis alles hulle skuld, maar tog weet hulle nie wat om verder te doen nie.

Die grootse probleem is dat hulle onbewus na hulle self gekyk het, en nie na God nie.
Hulle fokus so op hulle siekte dat hulle hul oë afhaal van God, wat hulle moet genees.

Maar wat is dan die antwoord?

Hoekom het net sekeres gesond geword en andere nie?
Is daar dan nie balsem in Gilead nie?

Die vrae klink so:
Is geloof dan iets wat ons kan produseer of maak deur onsself?
Is dit iets wat ons kan verkry deur 'n lewe van goedheid in

God? Is dit iets wat self kom net omdat ek God dien met my hele hart?

Ek is absoluut bewus dat geloof 'n groot rol speel in genesing, maar om die 'tekort daaraan' as die enigste oorsaak te gee vir nie gesond word nie, is verkeerd.

Die Antwoord: Die geheim is net die Heilige Gees.

Daar is twee bekende maniere waarop die Heilige Gees genesing kan bewerkstellig:

Eerstens: 'n Persoon wat werklik vloei in die gawes van die Heilige Gees en veral die gawe van genesing en enige een van ons wat glo in wonderwerke, het die vermoë om mense te salf, vir hulle te bid, en genesing te verwag.

Die absolute krag wat die genesing bring is die Heilige Gees krag. Dieselfde krag wat Jesus uit die dood kon oprig.

Dis hoe ons geleer is om te doen – en met goeie resultaat.

Die enigste ding wat kan keer is die onvermoë om te besef hoe groot, hoe diep en hoe dinamies die krag van die Heilige Gees werklik is.

Tweedens: Die teenwoordigheid van die Heilige Gees alleen kan wonderwerke laat gebeur en genesing bring, sonder dat iemand regtig betrokke is.

Wat sê ek?

Die teenwoordigheid van die Gees moet in so 'n groot mate daar wees dat die teenwoordigheid alleen siek liggame kan gesond maak, sonder handoplegging.

Daar moet soveel van die Heilige Gees wees, dat ons moet voel dat ons wil skoene uittrek, want ons staan op Heilige Grond – dis wanneer spontane wonderwerke net sal kom.

Die hoe dit werk en wanneer dit werk, moet ons vir God los – Hy alleen weet dit.

Daar is soveel geskryf wat onder die bediening van Kathryn Kuhlman gebeur het jare gelede.

Sy het haar groot genesingsdienste gehou in ‘n saal.
Die deure word vieruur die middag oopgemaak en dadelik weer toegemaak as die saal vol is. Sy self begin die diens om sewe uur die aand.

Terwyl die mense in die saal vir haar wag, bou hulle verwagting op. Daar was gewoonlik soveel siekes en desperate mense gewees. Vyfuur die middag begin hulle sing en loof en prys. Daar was gewoonlik so ‘n groot opbou van geloof dat die mense spontaan begin gesond word het –slegs deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Wanneer Kathryn Kuhlman daar aankom, was die meeste van die siekes alreeds genees – sonder dat iemand vir hulle gebid het.

Dis in die lig van God se groot liefde en passie vir ons dat die 5 die Heilige Gees sal kom wys hoe nodig ons Jesus Christus het.

Ons sal in sulke omstandighede besef hoe hulpeloos ons werklik is.

Sy grootsheid is alles, ons net mense gered deur genade, dis waarom alle eer na Hom toe gaan, want Hy deel sy heerlikheid met niemand nie.

Vader kom om aan ons te gee die begeertes van ons hart.

Dis die Heilige Gees wat die werklike genesings kom doen en dis Jesus Christus wat dit moontlik kom maak dat, as ons in geloof na Hom kyk, alles vir Hom moontlik is.

9.GENESING: VERKLARINGS

Vader God, ek glo met my hele hart en ek bely nou met my mond dat U Jehova Rapha is – die een wat al ons krankhede genees.

Ek bind nou die sterkman van siekte in my liggaam en ek beveel al die geeste van twyfel, vrees, ongeloof en swakheid om my liggaam te verlaat, in die Naam van Jesus Christus.

Vader, ek sluit nou die deure van enige skok of trauma wat ek voorheen deurgegaan het.
Al die kragte van duisternis wat in my liggaam ingekom het gedurende sulke tye - ek beveel julle om uit my uit te gaan in Jesus se Naam.

Ek verklaar nou my liggaam vry en gesond, sodat die vyand geen houvas meer het nie.
Vader, verkwik nou my liggaam en my organe (noem hulle), met U lewegewende Gees.

Ek maak myself los van enige negatiewe kragte wat in my ingekom het met goëlery, die okkulte of familiële rituele in die verlede.

Enige demoniese veroordeling of negatiewe en afbrekende woorde wat mense oor my lewe uitgespreek het, kanselleer ek nou in Jesus se Naam.

Enige ongewenste of ongesonde toestande in my liggaam, mag die Heilige Gees julle opspoor en vernietig, in Jesus se Naam.

Lê jou een hand op jou kop en die ander een op jou maag (oor jou naeltjie) en sê: Vuur van die Heilige Gees, brand alles skoon in my van my kop tot in my voetsole en vernietig alles wat nie van God is in my siel en in my liggaam. (Noem spesifieke siektes en organe)

Heilige Gees, reinig my asseblief.
Ek verklaar volkome genesing oor die gees van krankheid en skok.

Dankie Vader dat U gesê het U is die God wat my genees, in ***Exodus 15:26***.

Vader, U Woord sê dat die Seun van God het gekom om die werke van die duiwel te verbreek.
Daarom sê ek vir jou gees van siekte, word verbreek in my liggaam in Jesus se Naam.

Dankie Vader dat in ***Mattheus 8:16,17*** staan dat Jesus Christus die geeste van siekte met een woord uitgedryf het en almal gesond gemaak het en dat Hy daardie outoriteit ook aan ons gegee het. Daarom kan ek ook in outoriteit sê: Gees van krankheid, uit my uit in Jesus se Naam.

Dankie vir U Bloed Here Jesus. Dankie vir volkome genesing deur U Heilige Gees. Here, ek gee aan U al die erkenning vir my genesing.

Ek bely nou in geloof dat ek gesond is en altyd gesond sal wees.

AMEN.

GEBED VIR ANDER SIEK MENSE:

Hemelse Vader, dankie dat ons na U toe kan kom in die magtige Naam van Jesus Christus.
Ons dank U dat Christus Jesus ons verlos het van ons siekte en die wete dat daar deur Sy wonde vir ons genesing is.

Dankie Vader vir die waarheid dat Satan en sy demoniese magte blameer moet word vir ons siekte.
In ons geestelike outoriteit en deur die krag van die Heilige Gees neem ek nou outoriteit oor die magte en geeste van

siekte in hierdie liggaam.
Siekte van....., jy wat dié liggaam wil teister en verwoes, ek verklaar jou magteloos en kragteloos in die Naam van Jesus Christus.
Ek beveel elke oorsaak en elke simptoom van siekte om vernietig en verwyder te word in die krag van die magtige Naam van Jesus Christus.
Heilige Gees ek bid nou U teenwoordigheid en volheid oor hierdie liggaam en dat elke sel in pas sal kom met God’s Woord en dit is om genees te wees.

AMEN .